Vakature - NG Thaba Nchu-Tweespruit
Leraarspos - 3 Jaar termyn

Die kerkraad van Thaba Nchu-Tweespruit wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

Gemeenteprofiel: Hierdie Oos-Vrystaatse plattelandse gemeente het 88 belydende- en 28 dooplidmate. Die eredienste word weekliks tussen Thaba Nchu en Tweespruit roteer. Ons sien onsself as 'n geloofsfamilie wat deur God geroep is om 'n verskil in die multikuturele samelewing, waarvan ons deel is, te maak en tydens eredienste handhaaf ons 'n informele en vernuwende styl met 'n fokus op lofprysing en aanbidding. Ons gemeente het 'n sterk fokus op die kinderbediening wat Sondagoggende deur die Jeugbedieningsgroep as koördineerders, beplanners en aanbieders van die program, aangebied word. Gemeentelede bestaan uit boere, besigheidsgroepe en dorpenaars (spektrum van jeug tot bejaardes). Nabygeleë buurdorpe is Bloemfontein 80 km, Ladybrand 65km en Excelsior 30 km.

Leraarsprofiel:

- Iemand met 'n lewende verhouding met God, wie oortuig is van die roeping deur die Heilige Gees met fokus op jeug- en missionale bediening. Die samewerking met alle bedieninge in die soeke na bedieningsmoontlikhede, word ten sterkste aanbeveel. 'n Passie vir verhoudings bou en uitreike sal waarde tot die aansoek toevoeg.
- Leraar wat nie streng aan liturgie gebonde is nie, vernuwend en gemaklik inskakel by die gemeente se roeping en visie.
- Weeklikse skakeling met die lofprysingsgroep vir die koördinering van musiek, word aanbeveel.
- Hierdie pos is vir 'n leraar van die NG Kerk wat die ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, soos ooreengekom met die kerkraad en gerig op ons konteks, nakom.
- Taalvaardigheid: Afrikaans en Engels word aanbeveel (nie 'n vereiste).

Vergoeding en voordele:

- Vergoedingspakket en werksure is onderhandelbaar.
- Gemeentevoertuig is vir amptelike werk beskikbaar.
- Behuisingstoelaag is beskikbaar en daar word van die leraar verwag op op Tweespruit te woon en te werk.

Aansoek:

- CV van hoogstens drie bladsye, met 'n dekbrief wat motiveer waarom jy jouself as leraar van die gemeente sien, met 'n onlangse foto.
- Enige persoonlikheidsontledings, byvoorbeeld MBTI, Strength Finders, Briggs en Meyers persoonlikheidstoets, ensovoorts.
- Drie referente.
- Video- of klankopname van 'n onlangse preek.
- Stuur die aansoek per e-pos aan: tntskerkkantoor@gmail.com en cc vir Orna Snyman by snymanorna1@gmail.com

Sluitingsdatum: Vrydag 26 Julie 2019

Navrae: Telefonies by die Administratiewe beampte, mnr J Claassen by 051 963 0441 (k/u 08:00-15:00), of by 082 311 8015.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.